# Resensies


- Van Wyk, J.H. 1998. Etiek in eenvoud. Gesprekke oor morele vraagstukke. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
  (*W.D. Jonker*) ........................................................................ 161
- Vergeer, Wim. 1998. Tien trappe met die sonwyser. 'n Preekbundel ter herdenking van tien bedieningsjare in die Gereformeerde Kerk Randfontein-Noord (1988-1998). s.l. : s.n.
  (*C.J.H. Venter*) ........................................................................ 162

# Resensies

**VAN WYK, J.H.** 1998. Etiek in eenvoud. Gesprekke oor morele vraagstukke. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 367 p. Prys: R?. ISBN 0 620 23341 9.

**Resensent:** *W.D. Jonker*
(Emeritus-professor, Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch)

Hierdie bundel bevat 'n versameling populêre artikels van korter en langer formaat wat deur die outeur oor 'n tydperk van meer as twintig jaar geskryf is – hoofsaaklik in *Die Kerkblad*, *Woord en Daad*, *Die Gereformeerde Vaandel* en *Die Gereformeerde Vroueblad*. Dit handel oor 'n wye verskeidenheid etiese onderwerpe wat in die konkrete kerklike lewe relevant was. Die bedoeling was om op 'n praktiese, bevatlike wyse en in algemeen verstaanbare taal konkrete voorligting te gee oor hoe gelowiges met sulke sake moet omgaan. Daarom is dit nie net 'n getuienis van hoe die skrywer self oor 'n redelike lang periode oor spesifieke etiese vrae gedink het nie, maar is dit ook bereken op die aankweek van 'n benadering van die sedelike vrae wat telkens in nuwe vorms op ons weg kom, sodat dit op 'n prinsipiële manier hanteer kan word. In dié sin oorstyg dit die historiese situasie waarin dit geskryf is en bied dit riglyne wat van blywende betekenis is. Die leser kom onder die indruk nie net van die breë wetenskaplike studie wat ten grondslag van die geheel lê nie, maar ook van die wysheid en sensitiwiteit van die skrywer.

Die bydraes is onder verskillende hoofde ingedeel. Na inleidende kwessies kom vrae oor die seksuele, mediese, politieke en sosio-ekonomiese etiek aan die orde, terwyl dit afsluit met 'n beskouing oor etiek en roeping. Dit is dus nie 'n sistematiese behandeling van die Christelike etiek nie, maar 'n versameling konkrete etiese antwoorde wat in die pryktyk van die kerklike lewe op aktuele vrae gegee is. So dek dit egter op 'n praktiese en pastorale manier 'n groot deel van die omvattende terrein van die sedelike, sowel wat die individuele as die sosiale aspekte daarvan betref. Dit word afgesluit met 'n bylae waarin 'n

getuienis oor aborsie opgeneem is, asook 'n treffende skuldbelydenis in verband met die politieke situasie in die land wat in Oktober 1997 deur die skrywer en drie mede-ondertekenaars gepubliseer is.

Die werk as geheel getuig van die etiese sensitiwiteit, kundigheid en gesonde oordeel waarmee die skrywer op ingewikkelde en soms uiters lastige sedelike vrae in konkrete situasies kommentaar gelewer het. 'n Mens word telkens getref deur die realisme, onderskeidingsvermoë en erns waarmee hy moeilike en kontensieuse kwessies aan die orde stel, sowel as deur sy vermoë om deur te dring tot die kern van die saak waarom dit gaan, sodat die lig van Gods Woord daarop kan val. Dit is interessant dat daar 'n opvallende progressie in die gees en toon van die bydraes merkbaar is, waaruit blyk dat die skrywer met die loop van tyd met steeds groter vrymoedigheid die vinger op die wondplekke in die sosiale en politieke situasie in ons land gelê het. Dit herinner 'n mens onwillekeurig aan die rol van die Ou-Testamentiese profete wat, as Gods Woord dit vereis het, bereid was om in die eie vlees te sny (vgl. die aangrypende stuk oor: "Hoe kon dit alles gebeur het?" – p. 196-199.)

Dit is onmoontlik om in 'n beknopte resensie ten volle reg te laat geskied aan die rykdom van sedelike insig wat in hierdie werk op 'n baie praktiese manier na vore kom. Na my mening hoort dit tot die beste en oorspronklikste onder wat tot dusver op hierdie terrein in Afrikaans verskyn het. Ek kan dit met die grootste vrymoedigheid by alle lesers aanbeveel wat 'n groter helderheid soek oor die etiese aspekte van die sake waaroor dit in die afgelope dekades in ons land gegaan het. 'n Mens kan daaruit baie leer oor die vraag na 'n verantwoorde weg vir die hantering van die nuwe etiese vrae wat telkens op ons weg kom.

**VERGEER, Wim.** 1998. Tien trappe met die sonwyser. 'n Preekbundel ter herdenking van tien bedieningsjare in die Gereformeerde Kerk Randfontein-Noord (1988-1998). s.l. : s.n. Prys: R40.
Bestel by Posbus 6058, Greenhills 6058.

**Resensent:** *C.J.H. Venter*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Soos uit bogenoemde titel afgelei kan word, het ons hier te doen met 'n preekbundel wat uitgegee is tydens 'n leraar se jubileumbediening van tien jaar in 'n gemeente.

Wat met die eerste oogopslag tref, is dat die outeur moeite gedoen het om die meeste van die temas van sy preke pakkend te formuleer, byvoorbeeld: "'n Dubbelverdiepinggeloof" met as teks vir die preek

Daniel 10:12, of "Die koninkryk van God is 'n koninkryk van kinders" met as preekteks Matteus 18:2. Temas van sommige ander preke, byvoorbeeld "Nagmaal-Judas se Nagmaal" sou miskien anders geformuleer kon gewees het. Die homiletiese vereiste vir die formulering van 'n tema vir 'n preek is dat die tema in een kernagtige sin die kerugma van 'n preekteks in terme van vandag behoort weer te gee.

Homileties sit die preke verder goed inmekaar, meestal met 'n indeling in twee of drie hoofpunte as "handvatsels" vir die gemeente om die preek maklik te kan volg. Die indeling vloei logies uit die teksinhoud voort.

Eksegeties en openbaringshistories word die materiaal eenvoudig en soms met 'n verrassende perspektief aangebied. 'n Voorbeeld hiervan kan in 'n Kerspreek in hierdie bundel gevind word. Die tema van hierdie preek is "Eva – die moeder van al wat lewe" uit Genesis 3:20 saam met Sondag 23 van die Heidelbergse Kategismus.

Wat die proses van hermeneuse betref, sou mens kon vra of die eksplisiete of implisiete lyn van die werk van die Heilige Gees nie sterker deurgetrek en beklemtoon kon gewees het nie.

Die besondere bate van hierdie preke moet gesoek word in die absolute gerigtheid op ons tyd en situasie, op bepaalde omstandighede in 'n plaaslike kerk en in die opvallende pastorale bewoënheid van die prediker. In hierdie preke sien jy 'n herder op die kansel en jou eie verstand en gemoed gaan vir hom oop.

Dit het tot opbou van my geloof gedien om hierdie preekbundel deur te lees.